Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2019

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

*JHISTA3*

Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS TOT KOUE OORLOGSPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR IN DIE 1960's AANLEIDING GEGEE?

### BRON 1A

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n brief van voorsitter Khrushchev na president Kennedy (18 April 1961).

Mnr. President (Kennedy): Ek stuur jou hierdie boodskap in 'n tyd van nood, belaai met gevaar vir die bedreiging vir wêreldvrede. Gewapende aggressie het teen Kuba begin. Dit is vir niemand 'n geheim dat die gewapende bendes wat hierdie land binnegeval het, opgelei, toegerus en bewapen was in die Verenigde State van Amerika. Die vliegtuie wat die Kubaanse stede bombardeer, behoort aan die Verenigde State van Amerika, die bomme wat hulle laat val, word deur die Amerikaanse regering verskaf … Jou verklaring 'n paar jaar gelede dat die VSA nie aan militêre aktiwiteite teen Kuba sou deelneem nie, kon die indruk geskep het dat die top leiers van die Verenigde State die gevolge van algemene vrede asook die gevolge wat dit vir die VSA self sou hê, in ag geneem het, indien aggressie teen Kuba sou plaasvind ... Wat die Sowjetunie betref, moet daar geen twyfel wees oor ons posisie nie. Ons sal die Kubaanse volk en hul regering alle nodige hulp verleen om die gewapende aanval op Kuba af te weer ...

[Uit *On The Brink: From Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis* deur Matthew Mooney]

### BRON 1B

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n antwoord van president Kennedy aan voorsitter Khrushchev (18 April 1961).

Mnr die voorsitter (Khrushchev): jy verkeer onder 'n ernstige wanindruk oor die gebeure in Kuba. Vir maande was daar duidelike en groeiende weerstand teen die Castro-diktatorskap. Meer as 100 000 vlugtelinge het onlangs van Kuba na buurlande gevlug. Dit kan nie verbasend wees dat vlugtelinge, soos weerstand in Kuba groei, al die middele gebruik om terug te keer en hul landgenote te ondersteun in die volgehoue stryd om vryheid nie. Waar mense hul reg van keuse (die vermoë om 'n ander regeringsvorm behalwe kommunisme te kies) geweier word, is die terugkeer na die stryd die enigste manier om hul vryheid te bekom ... Jy moet erken dat vrye volke in alle dele van die wêreld nie die aanspraak van die historiese onvermydelikheid van die kommunistiese revolusie aanvaar nie. Wat jou regering glo is sy eie besigheid; wat dit in die wêreld doen, is die wêreld se besigheid. Die groot rewolusie in die geskiedenis van die mens, in die verlede, hede en toekoms, is die rewolusie van diegene wat vasbeslote is om vry te wees.

[Uit *On The Brink: From Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis* deur Matthew Mooney]

## BRON 1C

Hierdie bron verduidelik die redes waarom Khrushchev besluit het om kernmissiele in Kuba te plaas.


Die Verenigde State het die Sowjetunie alreeds omring met sy bomwerper (lugmag)-basisse en missiele. Ons het geweet dat Amerikaanse missiele teen ons in Turkye en Italië gemik was, moet nie eens Wes-Duitsland noem nie. Dit was tydens my besoek in Bulgarye dat ek die idee gehad het om missiele met kernplofkoppe in Kuba te installeer, sonder dat die Verenigde State daarvan sou weet totdat dit te laat was om enigiets daaraan te doen. Almal het ingestem dat Amerika Kuba nie alleen sou laat tensy ons iets gedoen het nie. Ons het ŉ verantwoordelikheid (plig) gehad om alles in ons vermoë te doen om Kuba se bestaan as ŉ sosialistiese land en as ŉ werkende voorbeeld vir die ander lande in Latyns-Amerika, te beskerm ... Die Amerikaners het ons land omring met militêre basisse en ons gedreig met kernwapens en nou sal hulle moet leer hoe dit voel wanneer vyandige missiele na jou gemik word; ons sal niks meer doen as om hulle ŉ bietjie van hul eie medisyne te gee nie.

[Uit *On The Brink: From Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis* deur Matthew Mooney]

Kopiereg voorgehou 

**BRON 1D**

Hierdie spotprent is in die *Washington Post*, 9 Oktober 1962, gepubliseer en beeld president Khrushchev se rol in die Kubaanse Missielkrisis uit.




[Uit http://www.loc.gov/pictures/item/2011661779/. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

## VRAAG 2: WAAROM HET KUBA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GRAAK?

### BRON 2A

Hierdie uittreksel is geneem uit ŉ onderhoud deur David Deutschmann met Jorge Risquet, ŉ lid van die Kubaanse regering. Risquet word oor die Kubaanse betrokkenheid in die Angolese burgeroorlog uitgevra.

**Deutschmann:** Daar word gesê dat die Kubaanse teenwoordigheid in Angola uitbreidingsdoelwitte gehad het en dat Kuba as ŉ marionet van die Sowjetunie opgetree het. Wat is u reaksie hierop?

**Risquet:** Dit sou nie vir ons, ŉ klein landjie, enigsins sin maak om daaraan te dink om na Angola uit te brei nie. Dit is absurd. Bewyse hiervan is dat ons sal onttrek sodra ons teenwoordigheid nie meer benodig word nie. Wat materiële belange betref, die enigste ding wat ons van Angola geneem het, was die oorskot van ons soldate wat daar gesterf het. Ons wil niks van Angola se rykdom hê nie. Daardie rykdom is vir die mense van Angola om dit te gebruik vir hul ontwikkeling, om ŉ aangename lewe te voorsien aan daardie heldhaftige mense vir wie ons so lief is, mense vir wie ons ons bloed vergiet het, en langs wie ons soveel jare geveg het.

Die bewering dat ons na Angola gegaan het in opdrag van Moskou is absurd. Dit was ŉ onafhanklike besluit wat geneem is in reaksie op ŉ versoek van Agostinho Neto vir hulp. Nie net was dit ons besluit nie, ons het nie eens die Sowjetunie geraadpleeg nie. Daar was kommunikasie met die Sowjetunie nadat ons troepe onderweg was. Ons het die Sowjetunie vir logistieke hulp vir ons soldate gevra. Ons soldate het hul eie wapens saamgeneem, maar hulle het ammunisie benodig. Hulle het ook meer wapens nodig gehad namate die oorlog uitgebrei het. Ons het gevra en het uitgebreide samewerking van die Sowjetunie ontvang. Die USSR, soos Kuba, is in solidariteit met Angola. Dit staan aan die kant van mense wat rassisme en kolonialisme beveg, en dit ondersteun die daarstelling van hul onafhanklikheid.

[Uit https://espressostalinist.com/category/congo-zaire. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel is geneem uit ŉ toespraak op 22 Desember 1975 deur Fidel Castro aan ŉ massa-saamtrek van meer as ŉ miljoen Kubane in Havana. Castro verduidelik waarom Kubaanse soldate na die pas-onafhanklike Angola gestuur word om die MPLA te ondersteun.

Afrika-bloed vloei vrylik deur ons are. Baie van ons voorouers het as slawe uit Afrika na hierdie land gekom. As slawe het hulle baie swaargekry. Hulle het as lede van die bevrydingsleër van Kuba geveg. Ons is broers en susters van die mense van Afrika en ons is gereed om namens hulle te veg.

Rassediskriminasie het in ons land bestaan. Is daar enigeen wat dit nie weet nie, wat dit nie onthou nie? Baie openbare parke het afsonderlike wandelpaaie vir swartes en wittes gehad. Is daar enigeen wat nie onthou dat Afrika-afstammelinge uit baie plekke soos ontspanningsentrums en skole verbied is nie? …

En wie is vandag die verteenwoordigers, die simbole van die mees gehate en onmenslike vorm van rassediskriminasie? Die Suid-Afrikaanse fasciste en rassiste. En Yankee-imperialisme, sonder gewete van enige aard, het Suid-Afrikaanse huursoldate gestuur in ŉ poging om Angola se onafhanklikheid te onderdruk en is nou woedend oor ons hulp aan Angola, ons ondersteuning vir Afrika en ons verdediging van Afrika. In ooreenstemming met die pligte wat in ons beginsels, ons ideologie, ons oortuigings en ons eie bloed gewortel is, sal ons Angola en Afrika verdedig! …

Laat die Suid-Afrikaanse rassiste en die Yankee-imperialiste gewaarsku wees. Ons is deel van die wêreld se revolusionêre beweging en in Afrika se stryd teen rassisme en imperialisme sal ons sonder huiwering sy-aan-sy met die mense van Angola staan!

[Uit *Cuba and Angola. Fighting for Africa's Freedom and our Own (Pathfinders, 2013),* bl. 31]

## BRON 2C

Hierdie bron is deel van ŉ onderhoud wat op 13 Februarie 1976 met die voormalige Suid-Afrikaanse eerste minister, BJ Vorster, deur Clarence Rhodes van UPITN-TV (United Press International Television News) gevoer is.

**Rhodes:** President Kaunda van Zambië het die Sowjet en Kubaanse ingryping in Angola beskryf. Ek dink die aanhaling is ‘ ŉ plunderende (rowende) tier en sy dodelike welpie’. … Sou u sê dat dit dan ŉ groter gevaar inhou as die opkoms van nog ŉ onafhanklike swart Afrika-nasie op die grense van Suid-Afrika?

**Eerste Minister Vorster**: Ja, want hier het jy nie ŉ onafhanklike swart Afrika-land wat op Suid-Afrika se grense tot stand kom nie. Jy het ŉ Kubaanse mag van duisende – op hierdie stadium beraam op tussen 10 en 13 duisend – wat deelneem aan ŉ burgeroorlog in Suidelike-Afrika, en as dit die einde daarvan was, kon mens maar jou skouers ophaal en sê goed, hulle sal môre weer terugkeer. Maar soos ons die kommuniste ken, en die Kubane ken, is daar niemand wat op hierdie stadium vir jou kan sê dat hulle terug huis toe gaan keer nadat hulle die MPLA in die saal gesit het nie. Ek dink daar moet aanvaar word dat hulle hier is om te bly, en ek dink daar moet aanvaar word dat net soos wat hulle Angola ondermyn (gedestabiliseer) het, of ten minste, geprobeer het om te ondermyn [deur kommunisme te versprei] sal hulle probeer om ander Suider-Afrikaanse lande te ondermyn.

Want, maak geen fout nie … wêreldoorheersing was nog altyd en is nog tot vandag toe, die doelwit van die kommuniste. En ek is een van die wat glo … dat hulle besig is om vir daardie konvensionele oorlog voor te berei. Kyk maar na hulle konvensionele wapentuig in vergelyking met dit van die vrye wêreld, van die Westerse lande … indien hulle die suidelike punt van Afrika kan beheer, het hulle ŉ geweldige voorsprong in enige konvensionele oorlog; afgesien van die grondstowwe wat hulle van Angola en ander Suidelike-Afrikalande kan kry, sal hulle die seeroete om die Kaap beheer, wat die lewenslyn van Europa is.

[Uit http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-b-j vorster-mrclarence-rhodes-upitn-tv-13-february. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

Kopiereg voorgehou 

## BRON 2D

Dié foto wys die voormalige Kubaanse president, Fidel Castro (R), wat vaarwel sê aan Angola se president Josef José Eduardo Dos Santos (L) by die Jose Marti-lughawe in Havana, Kuba op 19 Desember, 1988.



[Uit https://www.newsweek.com/fidel-castro-greatest-legacy-africa-angola-526321. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

## VRAAG 3: WAT WAS DIE REDES VIR DIE STIGTING VAN DIE SWARTMAG-BEWEGING IN DIE VSA IN DIE 1960s?

### BRON 3A

Hierdie is ŉ uittreksel van ŉ toespraak deur Huey Newton op 2 Mei 1967. Hy verduidelik die redes waarom swartes hulself vir selfbeskerming moet bewapen.

Die Black Panther Party vir Selfverdediging doen ŉ beroep op die Amerikaanse volk in die algemeen en veral die swart mense om noukeurig kennis te neem van die rassistiese Kalifornië-wetgewer wat nou wetgewing oorweeg wat daarop gemik is om swart mense te ontwapen en magteloos te hou op dieselfde tyd wat rassistiese polisie-agentskappe dwarsdeur die land die terreur, brutaliteit, moord en onderdrukking van swart mense vererger.

Terwyl die Amerikaanse regering ŉ rassistiese oorlog van volksmoord in Viëtnam voer, word die konsentrasiekampe waarin Japannese Amerikaners tydens die Tweede Wêreldoorlog aangehou was, terselfdertyd opgeknap en uitgebrei. Aangesien Amerika histories die mees barbaarse behandeling op nie-blanke mense toepas het, word ons gedwing om af te lei dat hierdie konsentrasiekampe voorberei word vir swart mense wat vasbeslote is om hul vryheid te verkry op enige manier wat nodig is. Swartmense is as slawe gebruik sedert die ontstaan van hierdie land, die volksmoord wat op die Amerikaanse Indiërs beoefen is en die inperking van die oorlewendes tot reservate, die wrede moord van duisende swart mans en vroue, atoombomme wat op Hirosjima en Nagasaki laat val is, en nou die lafhartige bloedbad in Vietnam, getuig almal van die feit dat die rassistiese magstruktuur van Amerika net een beleid teen mense van kleur het: onderdrukking, volksmoord, terreur en die groot knuppel (stok).

Swart mense het gesmeek, gebid, petisies gelewer, gedemonstreer, en alle ander moontlikhede probeer om die rassistiese magstruktuur van Amerika te oorreed om die onreg wat in die verlede teen swart mense gepleeg is, reg te stel. Al hierdie pogings is beantwoord met meer onderdrukking, bedrog en skynheiligheid. Namate die aggressie van die rassistiese Amerikaanse regering in Viëtnam skerp toeneem, verskerp die polisie-agentskappe van Amerika die onderdrukking van swartmense dwarsdeur die ghetto's van Amerika.

Die Black Panther Party vir Selfverdediging is van mening dat die tyd aangebreek het dat swart mense hulself teen hierdie terreur bewapen voordat dit te laat is. Die Mulford-wet wat in die pyplyn is, bring die oordeelsuur nog ŉ tree nader. Mense wat so lank in die hande van ŉ rassistiese samelewing gely het, moet iewers die lyn trek. Ons glo dat die swart gemeenskappe van Amerika moet opstaan soos een man om die progressie van ŉ tendens te stop wat onvermydelik tot hul totale vernietiging sal lei.

[Uit https://spartacus-educational.com/USApantherB.htm. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

Kopiereg voorgehou 

**BRON 3B**

Hierdie is ŉ uittreksel uit ŉ toespraak deur Malcolm X (9 November 1963).

Ek het geweet dat hulle (FBI) ons dopgehou het . ... Hulle het hewig op ons gefokus toe ons so vinnig begin groei het. Ons het vinnig begin groei nadat Martin Luther King vermoor is ... Met die dood van Martin Luther King, teen Junie, het my party met reusesprонge gegroei (vermeerder). In ŉ kwessie van ses maande het ons groei (vermeerder); in 1968, van 400 lede tot 5 000 lede en 45 seksies en takke. ... Ons koerant het tot meer as 100 000 in sirkulasie gegroei. Teen die middel van 1969 het ons ŉ sirkulasie van 250,000 gehad.

Waarom het die FBI op ons neergekom? Ons het begin met samewerkingskoalisies met ander organisasies aan die begin van 1968. Daardie koalisies het hulself versterk. Ons het die Peace and Freedom Party gekry om in koalisie met die Black Panther Party te werk; SDS: Students for a Democratic Society, al die anti-oorlog bewegingsmense; talle ander organisasies. Aan die einde van 1968 het ons ŉ werkende koalisie gehad met die Poor People's March deur eerwaarde Ralph Abernathy ... met die SCLC; ons het ŉ koalisie gehad met die Brown Berets, die Chicano-organisasie, Cesar Chavez en ander in die plaasarbeidersbeweging; AIM: American and Indian Movement; Young Puerto Rican Brothers, the Young Lords – ons het met almal verenig, jy sien .. want onthou, ons het te make gehad met 'mag aan al die mense,' nie net swart mag nie ...

So, met die 'Breakfast for Children Program' wat oor die hele land versprei het en baie mediadekking ontvang het, die 'Preventative Medical Health Care Clinics', die dokters, die medika – ek bedoel, dit is egte medisyne, voorkomende mediese gesondheidsorgklinieke, die mense wat hul tyd opgeoffer het. Ons het 5 000 voltydse werkers in die Black Panther Party, meestal kollege-studente; dit was kollege-studente: Ek sou sê 60 persent van hulle was kollege-studente wat aangesluit het nadat Martin Luther King vermoor was, want hulle was so ontsteld en woedend omdat hulle Martin Luther King vermoor het dat hulle hul kollege-opleiding uitgestel en gesê het: 'Ek gaan by die Black Panther Party aansluit'.

[Uit htpp://www.spartacus-educational.com. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

## BRON 3C

Hierdie is ŉ uittreksel van Malcolm X se toespraak op 9 November 1963, waarin hy die behoefte aan revolusie en bloedvergieting verduidelik om verandering vir swart Amerikaners teweeg te bring.

Kyk na die Amerikaanse Revolusie in 1776. Die revolusie was vir wat? Vir grond. Hoekom wou hulle grond hê? Onafhanklikheid. Hoe is dit uitgevoer? Bloedvergieting. Nommer een, dit was gebaseer op grond, die basis van onafhanklikheid. En die enigste manier waarop hulle dit kon kry, was bloedvergieting. Die Franse Rewolusie – waarop was dit gebaseer? Die grondlose teen die landhere. Waarvoor was dit? Grond. Hoe het hulle dit gekry? Bloedvergieting. Daar was geen liefde verlore nie, geen kompromie nie, daar was geen onderhandeling nie. Ek sê julle – julle weet nie wat ŉ rewolusie is nie.

Want as julle uitvind wat dit is, sal julle na die steeg (omdraaipad) teruggaan, julle sal padgee. Die Russiese Rewolusie – waarop was dit gebaseer? Grond; die grondlose teen die grondhere. Hoe het hulle dit bewerkstellig? Bloedvergieting. Jy het nie ŉ rewolusie wat nie bloedvergieting behels nie. En julle is bang om te bloei. Ek sê, julle is bang om te bloei!

Toe die witman jou na Korea gestuur het, het jy gebloei. Hy het jou na Duitsland gestuur, jy het gebloei. Toe Amerika jou na die Suidelike Stille Oseaan gestuur het om die Japannese te beveg, het jy gebloei. Jy bloei vir wit mense, maar wanneer jy sien dat jou eie kerke gebombardeer word en klein swart meisies vermoor word, dan het jy geen bloed nie. Jy bloei wanneer die witman sê jy moet bloei; jy byt wanneer die witman sê byt; en jy blaf wanneer die witman sê jy moet blaf. Ek haat dit om dit oor ons te sê, maar dit is waar. Hoe kan jy dit regverdig om nie-gewelddadig te wees in Mississippi en Alabama, wanneer jou kerke gebombardeer word en jou dogtertjies vermoor word, en terselfdertyd gaan jy gewelddadig word met Hitler en Tojo en iemand anders wat jy nie eens ken nie?

As geweld in Amerika verkeerd is, is geweld in die buiteland verkeerd. As dit verkeerd is om swart vroue en swart kinders en swart babas en swart mans gewelddadig te verdedig, is dit verkeerd van Amerika om ons op te kommandeer en om ons gewelddadig te maak in die buiteland ter verdedig van haar. En as dit reg is vir Amerika om ons op te kommandeer en ons te leer om gewelddadig te wees ter verdediging van haar, dan is dit reg vir ek en jy om te doen wat nodig is om ons eie mense te verdedig, hier in hierdie land

So ek verwys na hierdie verskillende rewolusies, broers en susters, om julle te wys dat daar nie ŉ vreedsame rewolusie is nie. Jy het nie ŉ draai-die-ander-wang rewolusie nie. Daar is nie so iets soos ŉ nie-gewelddadige rewolusie nie. Die enigste soort revolusie wat nie-gewelddadig is, is die Negro-rewolusie. Die enigste rewolusie waarin die doel is om jou vyand lief te hê, is die Negro-rewolusie. Dus die enigste revolusie waarin die doel ŉ gedesegregeerde eetplek, ŉ desegregreerde teater, ŉ desegregreerde park en ŉ gedesegregreerde openbare toilet is waar jy langs die witman kan sit – op die toilet. Dit is geen rewolusie nie. Rewolusie is gebaseer op grond. Grond is die basis van alle onafhanklikheid. Grond is die basis van vryheid, geregtigheid en gelykheid.

[Uit *htpp://www.spartacus-educational.com*. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

**BRON 3D**

Dit is ʼn 1960 foto van ʼn vergadering tussen Fidel Castro en Malcolm X in Harlem 1968.



[Uit http://sfbayview.com/ . Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.]

Kopiereg voorgehou

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*On The Brink: From Bay of Pigs to the Cuban Missile Crisis deur by* Matthew Mooney, Department of History, The University of California, Irvine.

http://www.loc.gov/pictures/item/2011661779/. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

https://espressostalinist.com/category/congo-zaire**.** Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

*Cuba and Angola. Fighting for Africa's Freedom and our Own (Pathfinders, 2013),* p31

http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-b-j vorster-mrclarence-rhodes-upitn-tv-13-february. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

https://www.newsweek.com/fidel-castro-greatest-legacy-africa-angola-526321. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

htpp://www.spartacus-educational.com. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

http://sfbayview.com/. Toegang op 04 Januarie 2019 verkry.

Kopiereg voorgehou